
# 512 Wie rein van harte is




Vanuit die hemeloord
het God, ons Heer, gekom,
as nederige mensekind,
dat ons kan leef deur Hom.

‘n Reine mensehart
kies Jesus vir sy troon;
by iedere opregte siel
kom Hy vandag nog woon.

Gee my ‘n reine hart
as tempel vir my Heer.
My Heiland, u teenwoordigheid
is wat my siel begeer.

John Keble (1792-1866) J.B. König (1691-1758)